**Desember 2016**

> “Vir ons is ‘n Seun gebore, aan ons is ‘n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.” Jesaja 9:5.

Liewe voorbidders,

Wat ‘n vreugde om die geboorte van ons Verlosser, Jesus Christus, saam met julle te vier. Terwyl ons begin met ons gebede vir Desembermaand, onthou asseblief om te bid vir familie en vriende wat nie Jesus as hulle verlosser ken nie.

Ek weet dat somtyds wanneer ons kyk na alles wat in die wêreld aangaan, kan ons hopeloos voel dat dinge nooit sal verander nie. Ons mag in versoeking kom om moed te verloor of om op te gee in ons hoop dat God ons gebede verhoor. Nietemin, ek glo dat getroue gebed ons antwoord is op hopeloosheid. In geloof, glo ons dat daar ‘n God is wat ons gebede hoor en wat naby is aan die gebrokenes. In geloof, glo ons dat terwyl ons saamkom om te bid, is God by ons.

Vroue wat bid glo dat ons gebede beantwoord kan word selfs al sien ons nie die uitkoms met ons fisiese oë nie. Ons weet dat wanneer ons nie weet wat om te doen nie, dan bid ons tot ‘n God wat alles weet en alles sal laat saamwerk om Sy voorneme te volbring. Wanneer ons oor en oor hindernisse bereik, dan bid ons, met die geloof dat ons alles kan doen deur Christus wat ons krag gee. Ons moet nooit hoop verloor in ‘n God wie se liefde altyd dieselfde bly nie, gister, vandag en vir ewig.

Dankie vir ‘n wonderlike jaar van voorbidding. Julle tallose opofferings en toewyding tot gebed het my hart baie diep geraak. Ek sien uit na nog ‘n jaar van versoeke wat die poorte van die hemel sal bestorm terwyl die stemme regoor die wêreld die naam van Jesus ophef. Dankie vir julle geloof en gebede tot ‘n God wat naby is en die uitroepe van Sy dogters hoor.

En dankie vir julle volgehoue liefde en ondersteuning, met die geloof dat daar ‘n God is wat soveel meer kan doen as wat ons ooit kan vra of ons kan voorstel (Efisiërs 3:20). Hou asseblief aan om te bid vir God se leiding en rigting terwyl ons ‘n nuwe jaar betree van getroue diens aan ons Here; vra God om baie meer voorbidders te bring om by ons aan te sluit in die jaar wat kom.

In Hom juig ons harte,

Peggy Banks
Wêreldbedieningsdirekteur
Projek Hanna